# HOOFSTUK VIII.

## NA-PRIMÊRE ONDERWYS IN KRUGERSDORP.

### 1. Intermediêre Onderwys.

#### a) Plattelandse laerskole.

Geen plaasskool in die Krugersdorpse distrik is verhef tot intermediêre status nie, hoewel verskillende skole periodies na-primêre onderwys gegee het: Die Hekpoortskool het in die jare 1913 en 1915 standerd 7-klasse gehad, maar eers in 1933 en 1934 is permanente standerd 7- en 8-klasse ingestel, wat aan die einde van 1939 nog bestaan het[1]. 'n Standerd 7-klas het met tussenposes vanaf 1909 tot 1923 aan die Steenkoppies- (Magaliesburg-) skool bestaan[2]. Verskillende ander skole het ook periodies voorsiening vir onderwys in standerd 7 gemaak, onder andere Hartebeestfontein 118[3], Kromdraai[4], Muldersdrift[5] en Elandsvlei[6]. Die aantal leerlinge in die standerd 7-klas was gewoonlik baie laag en het meestal van 1 tot 5 gewissel[7].

Die Departement van Onderwys het in 1933 gereël dat 'n standerd 7-klas by 'n plattelandse skool ingestel kon word as daar minstens 15 nie-ondersteunde ex standerd 6-leerlinge was. Slegs Hekpoort kon aan die vereiste voldoen[8].

---

1. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot ..., 102.
2. Ibid., 172.
3. Hartebeestfontein 118-skool, Joernaalinskrywings.
4. Kromdraaiskool, Joernaalinskrywing 8.11.'12.
5. Muldersdriftskool, Joernaalinskrywing 22.11.'11, 7.11.'12, 7.11.'17, 12.9.'19.
6. Elandsvleiskool, Joernaalinskrywing 16.4.'13, 2.3.'16.
7. Aangehaalde skooljoernale.
8. Bekker: a.w., 173 - 174.

b) Dorpskole.

Die Krugersdorp-Dorpskool het hoewel dit 'n laerskool was, tot 1908 ook na-primêre onderwys gegee. In Mei 1904 was daar 12 leerlinge in standerd 8 en 9 en 24 in standerd 6 en 7. Tydens die inspeksie in September 1908 was daar 30 leerlinge in en 23 bo standerd 7. Aan die begin van 1909 is die ex standerd 6-leerlinge na die Krugersdorpse middelbare skool oorgeplaas[1].

Die Randgateskool het vanaf 1919 tot 1921 voorsiening vir 'n standerd 7-klas gemaak, maar met die stigting van die Monument-hoërskool is die klas gestaak[2].

In die gebied Roodepoort-Mariasburg het daar van 1904 tot 1909 gereeld 'n standerd 7-klas bestaan by die Maraisburg[3]- en Floridaskool[4]. Aan die Roodepoortskool het so 'n klas met tussenposes tot in 1915 voortbestaan[5].

Aan die einde van 1922 het die Uitvoerende Komitee besluit om intermediêre skole te open. Hierdie skole was bedoel vir leerlinge wat nie in staat of begerig was om die matrikulasie-eksamen af te lê nie, maar tog na-primêre onderwys wou geniet. 'n Verdunde leerplan moes in die skole aangebied word, en die werk moes hoofsaaklik van 'n praktiese aard wees. Selfwerksaamheid en selfvertroue moes aangewakker word deur sover moontlik volgens die Daltonplan te werk. Die skoolvakke moes wees: Engels, Afrikaans, Handwerk vir seuns en Huishoudkunde vir meisies, Wetenskap, Matesis en Teken, Geskiedenis, Aardrykskunde en Godsdiensonderrig. 'n Verdere besluit was dat primêre onderwys op

1. Krugersdorp Town School, Joernaalinskrywing.
2. Snyman: 'n Kort Geskiedenis van Randfontein en distrik, 37 - 38.
3. Arthur Matthews-skool, Joernaalinskrywings.
4. Florida School, Joernaalinskrywings.
5. Roodepoort English Medium School, Joernaalinskrywings.

die Rand en Pretoria by standerd 5 sou eindig[1].

Drie skole is vir die doel op die Wes-Rand aangewys: die Krugersdorp Town School, Maraisburg- en Kerkstraatskool. Aan die begin van 1923 is intermediêre afdelings aan die eersgenoemde twee skole gestig; by laasgenoemde skool was die inskrywing te laag[2].

Aan die einde van die eerste kwartaal was die inskrywing by die intermediêre afdelings as volg[3]:

| Skool | Inskrywing | St. 6 | St. 7 | St. 8 |
|---|---|---|---|---|
| Krugersdorp Town School | 126 | 100 | 26 | - |
| Maraisburg | 58 | 43 | 14 | 1 |

Die intermediêre afdelings het nie juis gegroei nie, want in 1928 het beide skole geen standerd 8-klas gehad nie. Aan die einde van die vierde kwartaal was daar in die Krugersdorpse intermediêre skool net 35 leerlinge en op Maraisburg slegs 10 in standerd 7. F.W. Mills, wat die skole geïnspekteer het, het nogtans gevind dat die intermediêre skole in 'n behoefte voorsien het maar dat dit nodig was om dit van die laerskole te skei[4].

Die Roodepoort English Medium School het van die begin van 1929 af 'n intermediêre skool geword[5], terwyl Randgate in 1936 die status verkry het[6].

Die intermediêre afdelings by die Krugersdorp Town School, Roodepoortse dorpskool en Maraisburg is mettertyd afgeskaf. In 1937 het daar behalwe by die hoërskole net by die Randgateskool standerd 7- en 8-klasse bestaan en

1. T.O.D. Jaarverslag 1922, 13 - 15.
2. Ibid., 1923, 153.
3. Ibid., 1923, 50.
4. Ibid., 1928, 52 - 53.
5. Minutes Witwatersrand West School Board, 25.3.'29.
6. Ibid., 30.9.'35.

het inspekteur Lynch die stigting van 'n intermediêre skool op Krugersdorp aanbeveel[1].

Gedurende die derde kwartaal 1939 het die Krugersdorp-Wes-Afrikaansmediumskool aansoek gedoen om verhef te word tot 'n intermediêre skool. Die versoek is toegestaan, en die volgende jaar het die skool met sy eerste standerd 7-klas begin[2].

2. The Krugersdorp Secondary School.

Die Krugersdorpse middelbare skool of „Grammar School" was 'n skoolgeldheffende skool wat in April 1903 in die Baptistekerk geopen is. Mej. H. Martin was die hoof en mej. N. Hester die assistente[3]. Die skoolgelde het £1.10.0 per kwartaal bedra[4], terwyl die Departement van Onderwys £6 per kind per jaar bygedra het[5]. Aan die einde van die stigtingsjaar was die gemiddelde inskrywing 24.1 en die gemiddelde besoek 19.7[6].

Na drie maande het C.S. Hand vir mej. Martin as hoof opgevolg. Onder sy leiding was die uitbreiding 'n bietjie sneller, maar tog was daar aan die einde van Junie 1906 nog maar gemiddeld 50.6 leerlinge op die rol. Op hierdie stadium het hy die hulp gehad van mej. F.I. Oakeshott en mej. L. Mackay[7].

Aan die einde van 1913 was daar 104 leerlinge in die skool. Die vaste personeel het toe bestaan uit: C.S. Hand (hoof), A.B. Wyngaard, A. Law, A.C. Malan en mej. C.R. Plowman[8].

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1937, 97.
2. Krugersdorp-Wes-Afrikaansmediumskool: Feesalbum, 13.
3. The Krugersdorp Standard, 28.11.'03.
4. Ibid., 30.5.'03 en 18.7'03.
5. Minutes Witwatersrand West School Board, 27.3.'08.
6. T.O.D. Jaarverslag 1903, Bylae A.
7. Ibid., 1906, Bylae XVlll.
8. Ibid., 1913, Bylae lV.

Tot 1909 is onderrig gegee aan leerlinge van graad 1 tot matriek, maar vanaf 1910 is die laer afdeling afgeskaf[1].

Onderstaande advertensie is dikwels in die Krugersdorpse koerant geplaas[2]:

„Krugersdorp Secondary School.
Headmaster: C.S. Hand, B.A. (Oxon).
Preparation for Transvaal Lower and Leaving
Certificate and for Cape Examinations.
Particulars may be obtained on application
by letter to

C.S. Hand, Esq.,
35, Burger Street".

Die skool was later gehuisves in 'n hout-en-sinkgebou in Hummanstraat op die terrein waar die speelgronde van die Krugersdorp High School was[3] en waar die leerlinge van die Krugersdorp Town School tans speel. Die gebou was in so 'n swak toestand dat toe dit op 20 Mei 1912 afgebrand het, niemand daaroor getreur het nie[4], want volgens die gesondheidsinspekteur van die dorp was dit

„fast falling into a state of disrepair
and becoming a serious menace to the
health of the children, attending same"[5].

Na die gebou afgebrand het, het die Wesleyaanse Kerk as sodanig gedien[6].

Die skool het 'n skoolkommissie gehad wat die belange van die skool bevorder het. In Junie 1906 was die lede

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1906, 273 (Diagram).
   Ibid., 1908, Bylae V.
   Ibid., 1909, Bylae V1.
   The Krugersdorp Standard, 26.1.'07.
   Krugersdorp High School: Magazine October 1953, 11.
2. The Krugersdorp Standard, 26.1.'07.
3. Krugersdorp High School: Magazine March 1916.
4. Minutes Witwatersrand West School Board, 23.5.'12.
5. Municipality of Krugersdorp: Mayor's minutes 1912, 99.
6. Krugersdorp Secondary School, Joernaalinskrywing 20.5. 1912.

van die Kommissie: S.A. McCormick (voorsitter), S. van Niekerk, E. Broom, Ll. J. Phillips, A.H. James en eerwaarde G. Weavind, met die hoof C.S. Hand as sekretaris[1].

Die Direkteur van Onderwys, J.E. Adamson, het vergaderings van die Skoolkommissie en Skoolraad bygewoon om die posisie van die skool te bespreek. Die Kommissie het aangedring op steun van die Departement om 'n doeltreffende skoolgebou op te rig, terwyl die Direkteur 'n mate van amalgamasie met die Krugersorp Town School voorgestel het. Op 'n ouervergadering is die Direkteur se voorstel verwerp en is besluit dat „the school be carried on on its present lines"[2].

Op voorstel van die Direkteur van Onderwys is die een na die ander skoolgeldheffende sekondêre skool afgeskaf en met ander skole geamalgameer. Aan die begin van 1908 was nog net die een op Krugersdorp oor, wat met al die ander daarin verskil het dat dit finansieel in 'n gesonde posisie verkeer het[3]. Nadat die Direkteur verskillende samesprekings met die Skoolraad en Skoolkommissie van die skool gehou het, is besluit om alle ex standerd 6-leerlinge in die dorp aan die begin van 1909 na die Secondary School oor te plaas[4]. As gevolg van die reëling het die Randfontein-, Burgershoop-, Krugersdorp Town-, Church Street- en French Rand-skole toe as voedingskole van hierdie skool gedien[5].

Leerlinge bo standerd 6 het tot hulle veertiende jaar vry onderwys ontvang, daarna was die fooie £8 per jaar.

---

1. Argief Witwatersrand-Wes-Skoolraad: Minutes of the Krugersdorp Secondary School Committee, 25.6.1906.
2. Ibid., 24.10.'06.
3. Minutes Witwatersrand West School Board, 27.3.'08.
4. Ibid., 15.10.'08.
5. Ibid., 11.2.'09.

'n Maksimum van 20% van die leerlinge bo veertien jaar kon vry onderwys ontvang as hulle ouers behoeftig was. Leerlinge wat verder as drie myl per trein moes kom, is van vry spoorwegkaartjies voorsien. 'n Toelaag van vyf sjielings per kind vir boeke is toegestaan[1].

Hierdie skool was nooit populêr nie, met die gevolg dat baie kinders elders heen gestuur is vir hulle middelbare onderwys. Die toestand was so onbevredigend dat die inspekteur van onderwys F.H. Thompson en verteenwoordigers van die Skoolraad selfs 'n samespreking met die Skoolkommissie gehou het om te bespreek

> „whether there are any means of making the Secondary School more popular and ascertain why children are sent out of the district for higher education"[2].

Selfs nadat die standerd 6-leerling van die omliggende skole daarheen gekonsentreer is, was die inskrywing aan die einde van die eerste kwartaal 1911 nog net[3]:

| Vorm 1 | Vorm 2 | Vorm 3 | Vorm 4 | Vorm 5 | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 24 | 20 | 5 | 2 | 59 |

Die hoof moes verskeie kere verduidelik waarom die uitslae van die skool so swak is[4].

Vanaf 1910 het die Skoolkommissie sowel as die Witwatersrand-Wes- en Witwatersbergse Skoolrade by die Departement aangedring op 'n hoërskool[5]. In Junie 1912 is vir die doel 'n openbare vergadering in die Stadsaal gehou. Die Direkteur was geneë om 'n hoërskool toe te staan mits die nodige terrein verkry kon word, want die bestaande terrein was vir dié doel te klein. Die Stads-

1. Minutes Witwatersrand West School Board, 11.2.'09.
2. Minutes of the Krugersdorp Secondary School Committee, 8.8.'10.
3. T.O.D. Jaarverslag 1911, 97.
4. Minutes of the Krugersdorp Secondary School Committee.
5. Ibid., 27.9.'10 en 28.6.'11.

raad het toe besluit om standplase 618 tot 630 in Eastern Extention aan die Administrasie af te staan vir die bou van 'n hoërskool[1].

Die afbranding van die Secondary School het nie net die oprigting van 'n hoërskool verhaas nie maar ook die geleentheid gebied om die skool opnuut en doeltreffender in te rig[2].

C.S. Hand het aan die einde van 1913 afgetree[3]. J.B. Drake het waargeneem as hoof tot aan die einde van die tweede kwartaal 1914 toe die skool gesluit is[4].

3. <u>Die Krugersdorp High School</u>.

a) <u>Stigting</u>.

Die Krugersdorp Secondary School het nie bevrediging gegee as inrigting vir na-primêre onderwys op Krugersdorp nie. Die gevolg was dat vertoë tot die Departement van Onderwys gerig is om 'n hoërskool wat die nodige fasiliteite kon verskaf[5]. Die Direkteur het sy toestemming verleen vir die stigting van so 'n skool, en die nodige voorbereidings is getref vir die opening[6].

Die Krugersdorp High School, met Engels as voertaal, is volgens die skooljoernaal geopen op 29 Julie 1914; die Direkteur van Onderwys gee die openingsdatum egter aan as 30 Julie 1914[7].

Met hierdie skool wou die Departement van Onderwys vasstel of 'n nuwe rigting in die na-primêre skole moont-

---

1. Municipality of Krugersdorp: Mayor's Minutes, 1912.
2. T.O.D. Jaarverslag 1912, 63.
3. Krugersdorp High School: <u>Magazine October 1953</u>, 11.
4. Krugersdorp Secondary School, Joernaalinskrywings.
5. Minutes Witwatersrand West School Board, Verskillende datums.
   Minutes of the Krugersdorp Secondary School Committee.
6. Minutes Witwatersrand West School Board, Verskillende datums.
7. T.O.D. Jaarverslag 1914, Bylae 1V.

lik was.

> „Instead of parallel and separate institutions for general and commercial secondary education, it is proposed to develop the two branches in the one institution, i.e. the Krugersdorp High School. This will be an interesting and an important experiment, since it will prove how far it is possible to do the same thing at other centres"[1].

b) Geboue.

Op 14 Maart 1914 het administrateur J. Rissik die hoeksteen gelê[2] van die skoolgebou wat op die hoek van Human- en Boshoffstrate opgerig is teen 'n koste van £7018 en 200 leerlinge kon huisves[3]. Op die openingsdag was die gebou nog nie voltooi nie en is daar derhalwe in die Wesleyaanse Kerk en 'n winkelgebou skoolgehou tot 15 September van daardie jaar, toe die nuwe gebou betrek kon word[4].

In 1920 is vir 'n bedrag van £3638. 10. 9 by die skool aangebou en is daar vir 'n addisionele 156 leerlinge voorsiening gemaak[5].

Die skool het behoefte gehad aan 'n koshuis, maar nieteenstaande baie pogings deur die Beherende Liggaam aangewend is om een te verkry, het hulle aan die einde van 1939 nog nie daarin geslaag nie[6].

c) Inskrywing en personeel.

Die leerlinge van die middelbare skool is by die hoërskool ingeskrywe. Op die openingsdag is 60 inskrywings gedoen, wat gewissel het van standerds 4 tot 10. Op

1. T.O.D. Jaarverslag 1915, 20.
2. Krugersdorp High School: Magazine March 1916, 6.
3. T.O.D. Jaarverslag 1914, Bylae 111.
4. Krugersdorp High School, Joernaalinskrywings.
5. T.O.D. Jaarverslag 1920, Bylae 111.
6. Minutes Krugersdorp High School Advisory Governing Body.

die openingsdag het die personeel bestaan uit: H.C. Reeve (Hoof), F.A. Quirke, W.R. Riemersma, mej. E.M.O. Oswald, J.B. Drake (tydelik) en mej. L. Machanik (tydelik). Die laasgenoemde twee personeellede was voorheen aan die middelbare skool verbonde[1].

Toe die nuwe gebou betrek is, was daar reeds 74 op die rol, wat soos volg in die verskillende klasse verdeel was[2]:

| St. 4 en 5 | St. 6 | St. 7 | St. 8 | St. 9 | St. 10 |
|---|---|---|---|---|---|
| 10 | 12 | 24 | 15 | 4 | 9 |


Die afskaffing van skoolgelde vir gewone middelbare onderwys het die skool ten goede gekom, want alhoewel standerd 4 aan die begin van 1915 afgeskaf is, kon die skool tog met 122 op die rol open[3]. Op 30 September van daardie jaar was daar reeds 163 op die register[4]. Volgens die rapport van inspeksie in September 1918 was die inskrywing van die skool egter onstabiel. Onderstaande syfers bewys dat baie leerlinge na die skool gekom het sonder die voorneme om te matrikuleer[5]:

| | Aantal ingeskryf. | Aantal wat die skool verlaat het. |
|---|---|---|
| 1915 | 55 | 46 |
| 1916 | 50 | 38 |
| 1917 | 41 | 20 |

Hoewel daar sedert stigting meer as 400 leerlinge ingeskryf is, was daar in 1919 slegs 150 in die skool[6].

Die personeel is mettertyd aangevul, en 'n goeie verdeling van werksaamhede was moontlik. In 1920 het die per-

1. Krugersdorp High School, Joernaalinskrywings.
2. Idem.
3. Idem.
4. T.O.D. Jaarverslag 1915, 79.
5. Krugersdorp High School, Joernaalinskrywing.
6. T.O.D. Jaarverslag 1919, 79.




H.C.Reeve



R.B.Rogers

soneel bestaan uit[1]: H.C. Reeve (hoof), L.T. Edwards, W.R. Riemersma, W.T. Gregor, M.J. Kok, J.C. Nicolson, L.C. Marlowe, H.J. Siertsema, mejj. M.E. Tannahill, R. Blumenfeld, T.K. Player, S.Howe-Gould, E.M. Piercy, H. Muller en mev. A.G. Reeve.

Die inskrywing het geleidelik tot 1924 aangewas, toe daar 288 in die skool was; daarna het dit 'n dalende neiging getoon tot aan die einde van 1929, toe daar net 217 kinders was. Vanaf 1930 was daar weer 'n vermeerdering[2].

Op 20 Januarie 1931 het Thomas Williams, wat voorheen hoof van die Park Town Boys High School op Johannesburg was, hoof van die skool geword. Daar was toe 162 seuns en 172 meisies.

Van 1931 tot 1939 het die inskrywing nie veel gewissel nie.

Aan die einde van 1935 het die heer Williams die skool verlaat om hoof te word van die Normaalkollege op Johannesburg. Hy is op 27 Julie 1936 opgevolg deur R.B. Rogers, wat aan die einde van 1939 nog hoof van die skool was[3].

d) <u>Buitemuurse aktiwiteite</u>.

Buitemuurse aktiwiteite het van die beginjare af die aandag van die personeel geniet. In Maart 1916 is begin met die uitgee van 'n skoolblad. Volgens artikels in die blad het die seuns voetbal, hokkie en krieket en die meisies hokkie gespeel.

Onder leiding van kaptein Quirke het die kadetkorps 'n goeie vertoning gemaak en het 'n aantal van hulle die lyfwag gevorm van generaal Botha toe hy die dorp besoek het.

Vir die kulturele sy is daar gesorg deur die stigting van 'n debatsvereniging, 'n musiek- en 'n dramatiese vereniging[4].

---

1. Krugersdorp High School, Joernaalinskrywings.
2. T.O.D. Jaarverslag 1919 - 1930, Lys van skole.
3. Krugersdorp High School, Joernaalinskrywings.
4. Ibid., <u>Magazine March 1916</u>.

e) Beherende Liggaam.

Op 'n vergadering van die Witwatersbergse Skoolraad wat op 20 November 1913 gehou is en waarop die waarnemende Direkteur van Onderwys teenwoordig was, is ooreengekom dat die Witwatersbergse Skoolraad, die Witwatersrand-Wes-Skoolraad en die Skoolkommissie van die Krugersdorpse middelbare skool elk drie lede sou benoem om op die eerste Beherende Liggaam van die hoërskool te dien[1].

Op 11 Februarie 1914 het direkteur J.E. Adamson die benoemde Beherende Liggaam byeengeroep in die raadsaal van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad. Behalwe die Direkteur van Onderwys was teenwoordig P.J. Wannenburg, A.J.G. de la Rey en N.J. Pretorius van die Witwatersbergse Skoolraad, W.A. Goodwin, A. Scott en A.J. James van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad en J. Seehoff en Ll.J. Phillips van die Skoolkommissie van die Krugersdorp Secondary School.

Nadat die Direkteur verskillende sake in verband met die hoërskool wat geopen sou word, met die liggaam bespreek het, het hy vertrek en het die Beherende Liggaam sy eerste vergadering gehou. By konstituering is P.J. Wannenburg benoem tot voorsitter en C.C. Allsopp, die sekretaris van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad, tot sekretaris.

Die tweede Beherende Liggaam van die skool, wat hulle eerste vergadering op 28. 8. 1915 gehou het, het bestaan uit: R.J. Charlton (voorsitter), P.J. Wannenburg, E.D. Pugh, J. Younger, J. Mallet, N.J. Pretorius, E.G. Carey en F.W. Lewis met C.C. Allsopp as sekretaris.

Die sekretaris van die Witwatersrand-Wes-Skoolraad het opgetree as sekretaris van die Beherende Liggaam tot einde 1936, toe hy in opdrag van die Departement van Onderwys moes bedank as gevolg van die veelvuldigheid van werksaamhede in die skoolraadskantoor. H.B. van Hees is toe

---

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 20.11.1913.

benoem tot sekretaris.

Aan die einde van 1939 het die volgende here op die Beherende Liggaam gedien: W.C. Palk (voorsitter), H.B. van Hees (sekretaris), F.G. Wolmarans, H. Friedman, ? Robertson, L.J. Phillips, W. Crewe-Brown en D. Charteris.

Die Beherende Liggaam van die Krugersdorp High School het deur die jare heen gereeld byeengekom, behoorlik notule gehou, met die hoof saamgewerk en sover dit in hulle vermoë was, die belange van die skool bevorder[1].

4. <u>Die Monument-hoërskool</u>.

a) <u>Stigting en groei</u>.

In medewerking met die Afrikaanse Kerke het die skoolkommissies van die Afrikaansmediumskole op die Wes-Rand, in November 1919 'n petisie by die Witwatersrand-Wes-Skoolraad ingedien, waarin daar om 'n Afrikaansmedium-hoërskool op Krugersdorp vir die Wes-Randse dorpe en Krugersdorpse distrik gevra is[2]. Hierdie Skoolraad, gesteun deur die Witwatersbergse Skoolraad, het die stigting van so 'n hoërskool aanbeveel, maar die Departement van Onderwys wou dit aanvanklik nie goedkeur nie[3]. Die Skoolraad, en veral ds. D. du Plessis, wou met hierdie besluit van die Departement van Onderwys nie genoeë neem nie en wou weet op welke gronde dié versoek van die hand gewys is[4]. Die skoolkommissies was ook nie tevrede nie, en verteenwoordigers van die skoolkommissies van die skole Kerkstraat, French Rand, Burgershoop, Randgate en Roodepoort-Noord het in September 1920 besluit om 'n afvaardiging na die Administrateur en Uitvoerende Komitee te stuur en sterk aan te dring op 'n Afrikaansmediumhoërskool, omdat

---

1. Minutes Krugersdorp High School Advisory Governing Body.
2. Minutes Witwatersrand West School Board, 27.11.'19.
3. Ibid., 1.4.'20.
4. Ibid., 12.5.'20.

omdat daar toe reeds 226 Afrikaanssprekende leerlinge in standerds 5 en 6 in die Afrikaansmediumskole was en nog talle die Engelsmediumhoërskool op Krugersdorp besoek het[1].

Die Administrateur was simpatiekgesind, en in November van daardie jaar het die Departement van Onderwys besluit om so 'n skool op Krugersdorp op te rig[2].

Die „Afrikaans Medium Hoërskool Krugersdorp" is op 1 Februarie 1921[3] in die Royal George-Vrymesselaarsaal in Ockersestraat geopen[4] deur T.C. Stoffberg, L.U.K., die voorsitter van die Beherende Liggaam. Burgemeester J. Dieperink het ook die woord gevoer en namens die Stadsraad aan die skool 'n ruim terrein beloof. Die waarnemende hoof was W.R. Riemersma en die twee tydelike onderwysers J.B.J. Kachelhoffer en L.J. du Plessis[5].

Die skool is deur die Uitvoerende Komitee geklassifiseer as 'n plattelandse hoërskool en kon as sodanig nie leerlinge ingeskryf het wat nog nie die Laerskoolsertifikaateksamen (standerd 6) afgelê het nie[6]. Gedurende die openingsjaar kon net standerd 7-leerlinge toegelaat word en in die volgende drie jaar elke jaar die volgende standerd by. Op die openingsdag is net 48 leerlinge ingeskryf, maar die inskrywing het gou aangewas tot 60[7].

Op 6 April 1921 het M.J. Kok, die huidige hoof van Kerkstraatskool, en M.L. Brink wat vanaf 1939 die hoof van die skool is, as permanente personeellede diens aanvaar[8].

---

1. Notule Kerkstraatskoolkommissie, 7.9.'20.
   ook Meegedeel deur dr. M.J. Kok.
2. Minutes Witwatersrand West School Board, 20.11.'20.
3. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywing.
4. Meegedeel deur dr. M.J. Kok en M.L. Brink.
5. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywings.
6. Beherende Liggaam Monument-hoërskool, Notule 29.9.'27.
7. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywings.
8. Idem.

Monument-hoërskool.





P. W. Schumann.

DIE EERSTE KLAS, 1921.



2. 1. 3.

2. M. L. Brink. 1. W. Riemersma. 3. M. J. Kok.

Op 1 September 1921 het die hoof goedkeuring van die Departement van Onderwys verkry om die skool Monumenthoërskool te noem. Die Paardekraal-monument het toe die wapen van die skool geword.

Gedurende die stigtingsjaar is die volgende vakke onderwys: Afrikaans, Engels, Rekenkunde, Algebra, Meetkunde, Natuurwetenskap, Latyn, Geskiedenis, Duits en Bybelse Geskiedenis.

Op 2 Februarie 1922 het die skool met sy 126 leerlinge in vorms 2 en 3 verhuis na Hoben se gebou, op die hoek van Ockerse- en Boshoffstrate (waar die Skoolraadskantore tans is), waar 'n kafee verander is tot 'n skoolgebou. Op hierdie datum het P.W.S. Schumann die eerste permanente hoof en C.J. Rossouw die geskiedenisonderwyser van die skool geword. In dieselfde maand het nog drie addisionele onderwysers lede van die personeel geword: J. Grundlingh, wat in April opgevolg is deur dr. O.H. Bornebusch, D.F. du Plessis en mej. Collier, wie se pos later gevul is deur mej. M. de Villiers.

In 1923 het die inskrywing opgeskuif tot 196, twee klaskamers is bygebou en die personeel is aangevul met mej. Johanna Grundlingh en Carel Potgieter, beide in tydelike hoedanigheid. I. van Rooy en M.J. Gregory het in die derde kwartaal permanente betrekkings aanvaar.

Aan die einde van 1923 het die eerste 35 kandidate die Trap 1 (vorm 4)-eksamen geskryf en 30 van hulle het geslaag.

In die middel van 1924 het die inskrywing tot 230 aangewas. Om die nodige klasruimte te voorsien is die Gedenksaal bygehuur. Die personeel is aangevul met D.J.J. Mostert en G.F.G. Prigge. Hout- en Naaldwerkklasse is in die loop van die jaar ingestel.

Die skool het 'n biblioteek opgebou en binne die

eerste vier jaar van sy bestaan oor méér as 500 boeke beskik.

Van die eerste 32 kandidate wat in 1924 die Trap 11 (vorm 5)-eksamen geskryf het, het 23 geslaag.

In die volgende tien jaar was daar as gevolg van die depressietoestande geen toename in getalle nie. Soms het die getalle selfs so gedaal dat sommige van die onderwysers verplaas moes word[1].

Die skool was vir sy groei in 'n groot mate afhanklik van leerlinge van die plattelandse gedeelte van die distrik. Min van hierdie ouers kon dit bekostig om sonder beurse hulle kinders na die hoërskool te stuur en daar te hou. Die aantal beurse wat beskikbaar gestel is, was heeltemal ontoereikend. Nieteenstaande die aantal leerlinge wat die Laerskoolsertifikaateksamen in die eerste klas afgelê het, toegeneem het, die behoefte groot was en die vraag na beurse toegeneem het, is die aantal beskikbare beurse ingekrimp, wat groot ontevredenheid by die Witwatersbergse Skoolraad verwek het. Hierdie Raad het besluit om soos volg by die Departement van Onderwys te protesteer[2]:

> „Dat hierdie Raad met die grootste verontrusting en teleurstelling kennis neem dat die aantal Middelbare Beurse verminder is tot op veertien, vergelyk met 29, 23 en 24 toegeken in 1921, 1922 en 1923 respektieflik. Die gedragslyn van die Departement van Onderwys soos geopenbaar word uit bowestaande syfers word beskou as gelykstaande aan 'n poging van Departementshalwe om die pasgestigte plattelandse Hoger skool te elimineer, en die leerling van die Distrik van sy aanspraak op Hoger onderwys te ontroof, waarop die Raad ten sterkste wens te protesteer".

---

1. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywings.
2. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 4.1.'24.

Geld was skaars, en die totale bedrag wat vir beurse toegestaan is het tot in 1935 weinig gewissel. Die Witwatersbergse Skoolraad het byvoorbeeld in 1924 beurse ter waarde van £420 ontvang, in 1926 en 1931 was die bedrag £567 en in 1935 net £470[1].

Middelbare skoolbeurse is op aanbeveling van skoolrade toegeken. Leerlinge wat 'n minimum van 60% in die standerd 6-eksamen behaal het en nie op eie koste 'n middelbare skool kon besoek nie, kon in aanmerking kom vir 'n losiesbeurs van hoogstens £30 per jaar. Die beurs kon hernu word as die leerling minstens 55% aan die end van die stander 7-jaar behaal het[2].

Vanaf die opening van die huidige skoolgebou in 1935 was daar 'n geleidelike aanwas. Aan die einde van 1935 was daar 238 leerlinge in die skool. Die jaar 1938 het begin met 'n inskrywing van 307. Aan die einde van die eerste kwartaal 1939 was daar 358 leerlinge in die skool, en in Desember van daardie jaar is gesluit met 320 op die rol.

Schumann is aan die einde van 1938 bevorder tot inspekteur van onderwys. M.L. Brink het hom opgevolg as hoof.

Aan die einde van die eerste kwartaal 1939 het die personeel van die skool bestaan uit: M.L. Brink (waarnemende hoof), W.J. Gregory, P.F. Wessels, J.H. van Dyk, dr. J.J. Pieterse, dr. P.J. van der Merwe, J.W. Lange, J.C. Mahne, J.G. Snyman, L.R. Tönsing, mejj. M.M. Stander, L.O. de Clerq en twee tydelike onderwysers, P.J. van Heerden en Marc.

In die skooljoernaal is lang lyste name aangeteken

---

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 4.1.'24, 5.1.'26, 12.12.'30 en 4.1.'35.
2. T.O.D. Jaarverslag 1933, 22.

van kandidate wat in die jare 1930 tot 1938 die Laer en Hoër Taalbondeksamen en die Hoër Suid-Afrikaanse Geskiedenis-eksamen met goeie gevolg afgelê het.

Vanaf die stigtingsjaar het die onderwysers baie aandag gegee aan die liggaamlike, sosiale, kulturele en sedelike ontwikkeling van die leerlinge.

In 1922 het die seuns onder leiding van M.L. Brink reeds goed gepresteer op die rugbyveld en het die meisies aan korfbalkompetisies deelgeneem. In hierdie jaar is daar 'n debatsvereniging en 'n Christen-Studentevereniging gestig. In 1923 is tennisbane gebou, en op 5 Augustus 1924 is 'n kadetafdeling gestig met M.J. Kok, C.J. Rossouw en I. van Rooy as offisiere. Die kadetafdeling het besonder goed in die inter-hoërskoolkompetisies gepresteer.

Aan die einde van 1932 het die hoof in sy jaarverslag ook melding gemaak van die bestaan van 'n kultuur-, dramatiese en 'n wetenskaplike vereniging.

Aan die einde van 1939 was die skool reeds goed gevestig en die trots van die Afrikaners in die Krugersdorpse distrik. Graag het die ouers hulle kinders hierheen gestuur, waar 'n betreklik wye keuse van vakke aangebied is, goeie werk gelewer is, die verskillende buitemuurse aktiwiteite die nodige aandag geniet het en die leerlinge die geleentheid gekry het om veelsydig te ontwikkel[1].

b) Beherende Liggaam, koshuise en geboue.

Aan die einde van 1920 het die Departement van Onderwys die Witwatersrand-Wes- en die Witwatersbergse Skoolrade versoek om persone aan te beveel om op die eerste Beherende Liggaam te dien van die hoërskool wat gestig sou word. Op hulle aanbevelings is die volgende persone

---

1. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywings.
ook Meegedeel deur M.L. Brink.

benoem[1]: T.C. Stoffberg, L.U.K., J.B. Hugo, W.C.J. Brink, J.A. Dieperink, J.J. Mostert, P.C. Raath, ds. P.J. van Vuuren, ds. J.H.R. Bartlett en ds. P.J.E. Ebersohn.

Tot aan die einde van 1939 het die Beherende Liggaam uitsluitlik bestaan uit vooraanstaande lede van die drie sustergemeentes van die Afrikaanse Kerke en kon die kerk derhalwe groot seggenskap behou in die bepaling van die aard van die onderwys in die skool[2]. Op elke Beherende Liggaam het een of meer predikante gedien. In 1931 was selfs vyf van die lede predikante[3]. Aan die einde van 1939 het op die Liggaam gedien[4]: M.H.O. Kloppers (voorsitter), ds. A.T. Martinson (vise-voorsitter), A.J. de la Rey, W.W. Viljoen, Dr. P.S. Pretorius, J.F. Bolton, C.L. van der Merwe, W.P. Boshoff en A.B. v.d. Linde.

Die Beherende Liggaam het gereeld byeengekom en die skool deur die jare heen daadwerklik gesteun. Deur die bemoeiinge van hierdie Liggaam is daar aan die begin van 1922 'n seunskoshuis in Johnson se gebou in Luipaardstraat geopen, waar 37 seuns met M.L. Brink as huisvader gehuisves is. Volgens 'n inspeksierapport in Mei van daardie jaar het die koshuis goed aan sy doel beantwoord, was dit baie goed uitgerus en ekonomies en goed bestuur[5].

Totdat die huidige moderne seunskoshuis opgerig is, was die Monument-koshuis in verskillende geboue gehuisves en moes daar soms veel ongerief en selfs gebrek verduur word.

Die koshuis is later van Johnson se gebou verskuif na

---

1. Minutes Witwatersrand West School Board, 20.11.'20 en 12. 1. '21. Vgl. ook Notule Witwatersbergse Skoolraad, 21.1.'21.
2. N.H. of G. Gemeente Krugersdorp: Gedenkskrif, 29.
3. Beherende Liggaam Monument-hoërskool, Notule 31.7.'31.
4. Ibid., 22.11.'39.
5. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywings.

die Transvaal Hotel-gebou in Joubertstraat, vandaar na die ou Hervormde pastorie in Derdestraat in Distriksdorp en vandaar weer na drie ander huise taamlik ver van mekaar waarvan die hoofgebou die een op die hoek van Bodenstein- en Derdestrate was[1].

In 1923 is die Harmonie-koshuis vir meisies onder beskerming van die N.H. of G. Gemeente Krugersdorp in Von Brandisstraat teenoor die huidige Tegniese Kollege geopen. Die inrigting is beheer deur 'n Kerkraadskommissie, waarvan ds. J.J. Krige tot aan sy dood in 1936 die voorsitter was[2]. Mev. Blommenstein, die eerste huismoeder is opgevolg deur mev. Krogh, wat tans nog die matrone van die meisieskoshuis is[3].

Op 31 Oktober 1938 is hierdie koshuis verskuif na Ottoplein[4], waar die Provinsiale Administrasie 'n koshuis wat £6,657 gekos het, opgerig het[5].

Met die ontvangs van die Ossewaens aan die einde van 1938 is die Monumentkoshuis verdoop tot Hendrik Potgieterkoshuis en die Harmonie-koshuis tot Christina Pretoriuskoshuis[6].

In 1939 het die Provinsiale Administrasie beide koshuise oorgeneem[7].

Volgens die koshuisopgawes in die Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement vir die jare 1933 tot 1939 het die aantal meisies wat daarin gehuisves is, gewissel tussen 17 en 28 en die aantal seuns tussen 19 en 45.

---

1. Meegedeel deur M.L. Brink.
2. N.H. of G. Gemeente Krugersdorp: Gedenkskrif, 29.
3. Meegedeel deur dr. M.J. Kok en M.L. Brink.
4. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywing.
5. T.O.D. Jaarverslag 1938, Bylae XVI.
6. Meegedeel deur M.L. Brink.
7. T.O.D. Jaarverslag 1939, Bylae XIII.

Die ou Monument-hoërskoolgebou was ondoeltreffend en die skoolgronde baie beknop. In Maart 1926 het die Provinsiale Raad egter £15,000 vir die oprigting van 'n nuwe gebou gestem. Dit het egter vier jaar geduur voordat daar finaliteit bereik kon word in verband met die terrein waar die skool opgerig sou word, en toe moes daar nog vier jaar gewag word alvorens die nodige geld beskikbaar was[1].

Die Stadsraad het verskillende stukke grond vir 'n nuwe hoërskoolgebou aangebied, en die Beherende Liggaam het besluit om die stuk tussen Kruger- en Jeppestraat naby die stasie en in die omgewing van die ou Yorkmyn aan te neem[2]. Die Witwatersbergse Skoolraad, gesteun deur die skoolkommissies van Muldersdrift en Van Wyksrust het egter teen hierdie terrein geprotesteer, hoofsaaklik op grond daarvan dat die nabyheid van die witsand van die mynhoop nadelig sou wees vir die gesondheid van die leerlinge en die terrein in 'n minderwaardige deel van die dorp geleë is[3]. Op versoek van die Witwatersbergse Skoolraad het die Stadsraad toe 6 tot 8 morge grond noordoos van en grensende aan die Paardekraal-monument-terrein aangebied[4].

Op uitnodiging van die Beherende Liggaam het die Administrateur en Uitvoerende Komitee in 1929 beide terreine kom besigtig maar albei afgekeur en aanbeveel dat Ottoplein in Distriksdorp verkry word[5]. Die Stadsraad het Ottoplein goedgunstiglik afgestaan, en in September 1930 is daar eindelik finaliteit bereik in verband met die grond[6], maar as gevolg van gebrek aan geld is die hoeksteen van die

---

1. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywings.
2. Beherende Liggaam Monument-hoërskool, Notule 27.5.'26.
3. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 27.8.'26.
4. Minutes Krugersdorp Town Council, 16.6.'28.
5. Beherende Liggaam Monument-hoërskool, Notule 30.5.'29 en 28.8.'29.
6. Ibid., 25.9.'30.

skoolgebou, wat deur Gerard Moerdyk ontwerp is, eers op 5 September 1934 deur administrateur S.P. Bekker gelê. Op 18 Mei 1935 was die gebou voltooi en het die Direkteur van Onderwys G.A.C. Kuschke dit formeel geopen[1].

By die hoofingang van die gebou is by die wapen van die skool hierdie woorde uitgebeitel:

> „Laat het volk meer en meer in elke zaak zijn toevlucht tot God nemen want de Heer wil dat.
> President Paul Kruger.
> Paardekraal Desember 1896."

5. Die Bekker-skoolplaas.

Direkteur J.E. Adamson het vanaf 1912 sterk gepleit vir die oprigting van skoolplase wat selfonderhoudend kon wees. Vir so 'n inrigting sou voldoende grond, werkswinkels, klaskamers en koshuise noodsaaklik wees.

> „The extent of the farm will depend on its kind .... The object of the workshop training would be to develop an all-round handy-man .... As regards classrooms, these ought to be of the nature of simple laboratories where the rudimental principles of agriculture could be demonstrated .... As regards hostels, these would be necessary, since the school-farm would be a centre to which pupils drawn from all the schools in a certain district would be brought"[2].

Nieteenstaande vurige pleidooie deur Adamson, landbougenootskappe en kultuurorganisasies om meer voorregte vir die plattelandse kind, het die skoolplaas-idee eers in 1934 gekristalliseer toe administrateur S.P. Bekker voorgestel het om beter fasiliteite vir die plattelandse kind te verskaf. Besluit is om 'n skema van skoolplase in die lewe te roep waarby die Departement van die beste

1. Monument-hoërskool, Joernaalinskrywing.
2. T.O.D. Jaarverslag 1916, 19 - 20.

plase sou aankoop as 'n studieterrein vir kinders tot hul agste standerd. Die doel was om skoolplase op verskillende plekke in die provinsie op te rig, waar die toestande sou afwissel volgens die klimaatsomstandighede. Die leerlinge sou op die gewone wyse onderwys word; maar bowendien ook praktiese onderrig in boerdery ontvang. Plattelandse beursleerlinge sou vanaf standerd 4 na die skoolplaas oorgeplaas word. In standerd 6 kon hulle probeer om 'n hoërskoolbeurs te verower. Misluk dit, kon hulle nog twee jaar op die skoolplaas bly, aan die einde waarvan hulle weer kon probeer om 'n beurs vir hoërskoolstudie te verkry[1].

In 1935 is 'n skoolplaas in die Krugersdorpse distrik gestig. Die skoolplaas is vernoem na die stigter daarvan administrateur S.P. Bekker. Die Bekker-skoolplaas, 585 morge groot, is aangelê op 'n gedeelte van die plaas Zeekoehoek ongeveer vier myl noordoos van Magaliesburgstasie, wat deur die Provinsiale Administrasie van oudinspekteur T.C. Stoffberg gekoop is.

Op 18 Mei 1935 het administrateur Bekker 'n vergadering in verband met die oprigting van 'n skoolplaas op Magaliesburg gehou. Die vergadering is bygewoon deur 'n groot aantal belangstellendes en twee verteenwoordigers van die Witwatersbergse Skoolraad. Nieteenstaande die Skoolraad hom nie dadelik met die aankoop van Zeekoehoek vir 'n skoolplaas wou verenig nie en eers sekerheid wou hê in verband met sekere sake, byvoorbeeld die posisie van voedingskole en wat met die standerd 7- en 8-klasse van Hekpoort gaan gebeur, is Zeekoehoek tog aangekoop en het die werk in Augustus 1935 daar begin.

Die skoolplaas is direk deur die Departement beheer

1. T.O.D. Jaarverslag 1934, 14.

en nie deur die Skoolraad nie, sodat die Departement 'n vrye hand in die ontwikkelingstadium kon hê. Die skoolplaas het egter die hulp van 'n adviserende komitee gehad, wat bestaan het uit vyf lede: een aangewys deur die Administrateur, een deur die Skoolraad benoem en drie wat deur die ouers gekies is[1].

E.J.C. Kuschke, wat benoem is tot hoof, het op 21 Augustus 1935 met sy werksaamhede op Zeekoehoek begin. 'n Boereplaas moes omgeskep word in 'n skoolplaas deur hom, J.B. Malan en 'n aantal naturelle. 'n Groot en moeilike taak is met durf aangepak. Terwyl die gewone boerderybedrywighede voortgesit is, moes die bestaande geboue in orde gebring word en opmetings, paaie en damme gemaak word. Bome en struike is uitgehaal op die plato waar die koshuise gebou moes word. Die bedrywighede het van sonop tot sononder geduur.

Die algehele samewerking van die omgewing en Skoolraad is nie verkry nie, derhalwe het die Administrateur op 11 November 1935 'n openbare vergadering op Hekpoort toegespreek om die ouers tot medewerking te beweeg. Op 5 Junie 1936 het die voorsitter en 'n paar lede van die Skoolraad die Administrateur by die skoolplaas ontmoet veral in verband met die standerd 7- en 8-klasse by die Hekpoortskool. Die Administrateur het verklaar dat niks gedoen sou word om bestaande fasiliteite by skole te belemmer nie en dat ouers die vrye keuse sou hê om die skoolplaas te ondersteun[2].

Op 3 Augustus 1936 het die eerste drie leerlinge hulle vir inskrywing aangemeld. Blykbaar is daar eers met skoolwerksaamhede begin nadat daar meer leerlinge opgedaag het.

J.B. Malan het teruggekeer na sy vorige skool, en

---

1. Notule Witwatersbergse Skoolraad, 30.8.'35, 29.5.'35 en 30.1.'36.
2. Ibid., 29.11.'35 en 26.6.'36.

H.A. Venter (vir veeteelt) en J.F. du Toit (vir tuinbou) is aan die skool benoem. Die skoolplaas het begin vorm aanneem, en aan die begin van Maart 1937 was daar al 57 leerlinge, met 5 personeellede asook 'n matrone, assistent-matrone, plaasvoorman, 3 ambagsmanne, 'n vragmotorbestuurder en 'n aantal naturelle op die skoolplaas werksaam. Aan die begin van 1938 is die Zeekoehoekskool met hoof P. Botha en al na die skoolplaas oorgebring. Die getalle het aangewas, en op 8 April 1938 was daar reeds 140 leerlinge in die skool, van wie 71 in standerds 7 en 8 was[1]. Aan die einde van 1939 was daar reeds nege onderwysers aan die skool werksaam, benewens die houtwerkinstrukteur, wat aan 47 seuns in die handwerksentrum onderrig gegee het, asook die huishoudkunde-instruktrise, wat 29 meisies van standerd 5 tot 8 in Huishoudkunde onderrig het[2].

In die beginjare is die personeel en leerlinge so ingespan in die boerdery-aangeleenthede dat selfs die Direkteur van Onderwys 'n waarskuwende woord moes rig om te waak teen ooreising.

In Mei 1938 het beamptes van die Departement van Landbou 'n ontleding van die grond van die skoolplaas gemaak en sodoende die hoof en personeel in staat gestel om volle gebruik te maak van die natuurlike drakrag van die grond[3]. In 1939 het die skoolplaas vier morge onder tabak gehad, en koring, hawer, gars en lusern gesaai. Negentien koeie is gemelk, en dan was daar nog 'n hoenderboerdery van meer as vyfhonderd henne, 'n byeboerdery, varke, skape, perde, groente en vrugte. Die melk, groente en vrugte is aan die koshuis verkoop of elders bemark.

---

1. Bekker: <u>Onderwys in die Bo-Moot</u> ..., 185 - 191.
2. Bekker-skoolplaas, Kwartaalstaat 8 Desember 1939.
3. T.O.D. Jaarverslag 1938, 31.

Selfs 'n sierlike leeuhok is gebou waarin 'n paar leeus aangehou is. Ongelukkig is die hoof op 'n dag deur een van die leeus aangeval en sodanig verwond dat sy been afgesit moes word.

Aan die einde van 1939 was die Bekker-skoolplaas nog in sy kleuterjare, en die geboue was nog van tydelike aard. Die dubbelverdiepingskoolgebou, die laerskoolgebou, die drie koshuise, talle onderwyserswonings, buitegeboue, modern toegeruste kookkuns- en houtwerklokale, hospitaal, kombuis en eetsaal benewens sportgeriewe en so meer is eers later opgerig[1].

Die Bekker-skoolplaas het vanaf 1937 in 'n groot behoefte voorsien in die Krugersdorpse distrik en veral in die Moot. Met hierdie Inrigting kon na-primêre onderwys plaaslik bekom word en kon ook 'n bietjie landbouonderwys verkry word.

Die skoolplaas het van die gewone intermediêre skool op die platteland daarin verskil dat dit nie net ruimer fasiliteite soos Huishoudkunde, Houtwerk, Metaalwerk en boerdery gebied het nie maar veral ten opsigte van die atmosfeer van werklikheid waarin leerlinge gewerk en geleef het. Die skoolplaas wou nie net boere vorm nie maar wou aan die leerlinge wat onder gewone omstandihede nie verder as standerd 6 sou gaan nie, die geleentheid vir veelsydige kontakte bied, prakties sowel as intellektueel, wat daartoe kon lei dat die kind sy natuurlike aanleg vir een of ander beroep of ambag ontdek.

Die leervakke is so ingerig dat daar geen moeilikheid ondervind is wat betref die aansluiting by die hoërskool na standerd 6 of standerd 8 nie[2].

---

1. Bekker: Onderwys in die Bo-Moot .... 192 - 193
2. T.O.D. Jaarverslag 1936, 167.

6. <u>Die Witwatersrandse Tegniese Kollege.</u>

a) <u>Hoër Handelskool Krugersdorp</u>[1].

Die Hoër Handelskool op Krugersdorp is met slegs 'n paar studente geopen in 'n vierkamerwoning in Kommissarisstraat (waar Greaterman se winkel nou is) op 1 April 1927. Die opening is waargeneem deur meneer Charlie Warden. Die hoof van die inrigting was J.G. Nicholson, wat op 27 Junie 1927 oorlede is en opgevolg is deur R.F. Clark.

Die inskrywing het vinnig aangewas: in 1928 moes by die huis wat as skoolgebou gedien het aangebou word, en in 1930 is kamers in Ockersestraat langs die Swan-hotel ook in gebruik geneem.

P.P. Breytenbach, wat in 1927 aangesluit het by die personeel van die Witwatersrandse Tegniese Kollege en op Krugersdorp as assistent diens gedoen het, het Clarke in Julie 1929 as hoof opgevolg. Daar was toe 70 studente in die skool.

Op 'n ruim stuk grond wat deur die Munisipaliteit van Krugersdorp in die sentrale gedeelte van die dorp naby die stasie, geskenk is, is 'n skoolgebou teen 'n koste van £10,000 opgerig. Die hoeksteen is in September 1930 deur die Goewerneur-Generaal, die Graaf van Clarendon gelê. Op 29 April 1931 is die gebou formeel geopen deur burgemeester Halse. Die personeel van die skool was toe: P.P. Breytenbach, D.J. Joubert, mejj. Millward, Freidus, A.M. Kidd en mev. Barrie.

By 1934 het die studentetal so toegeneem dat addisionele klaskamers opgerig moes word. In daardie jaar het mnr. en mev. Breytenbach 'n koshuis met een kosganger in die pastorie van 'n Engelse kerk begin. In 1936 het die

1. Hoër Handelskool Krugersdorp, <u>Aandenkingsblad 1927-1948</u>. ook Meegedeel deur P.P. Breytenbach.

kollege sy eie meisieskoshuisgebou in Blommensteinstraat in Distriksdorp gekry.

Behalwe die gewone handelskoolvakke het die kollege ruimskoots voorsiening vir die liggaamlike, kulturele en sosiale ontwikkeling van die studente gemaak. Van die aanvangsjare af is sportsoorte soos rugby, sokker, tennis, hokkie, atletiek en swem beoefen. Jaarliks is daar 'n konsert, 'n waatlemoenfees, 'n dans en ander sosiale byeenkomste gehou om die leerlinge kultureel en sosiaal te vorm.

Die skool is verdeel in die huise: Minerva, Apollo en Juno, wat nie net op die sportvelde nie maar ook in die klaswerk met mekaar gekompeteer het.

b) Die Wes-Randse Tegniese Kollege[1].

Die Ambagskool op Randfontein, wat aan die begin van 1939 geopen is, het sy ontstaan te danke aan die snelle uitbreiding van mynontwikkeling op die Wes-Rand. Baie jare lank moes seuns wat 'n voorbereidende kursus vir 'n leerjongskap wou volg, na Johannesburg gaan om ambagsklasse by te woon. Met die bevolkingsvermeerdering op die Wes-Rand het die behoefte aan so 'n inrigting steeds noodsaakliker geword. Die „Randfontein Estates Gold Mining Company" het toe 'n stuk grond van byna ses akkers groot aan die hoofweg in Randfontein vir dié doel aangebied.

Op 23 November 1938 het raadslid J.B. Mackenzie die hoeksteen gelê van 'n gebou wat byna £14,000 gekos het. Die helfte van die bedrag is op die pond vir pond-stelsel van die Staat verkry. Die Kamer van Mynwese het £5,000 bygedra, terwyl die balans uit bydraes van die publiek verkry is.

1. Snyman: 'n Kort geskiedenis van Randfontein en Distrik, 41.

2. ook Meegedeel deur P.P. Breytenbach.

Die skool is geopen met 150 seuns en sewe personeellede onder die hoofskap van P.P. Breytenbach, die hoof van die Hoër Handelskool op Krugersdorp. Onderrig is gegee in die skoolvakke Afrikaans, Engels, Matesis en Wetenskap en in die werkswinkels is 'n aanvang gemaak met die opleiding vir ketelmakers, skrynwerkers, draaibankwerkers en elektrisiëns.

Die Stadsraad van Randfontein het onderneem om vir 'n tydperk van 40 jaar jaarliks 'n som van £300 tot die fondse van die Inrigting by te dra.

7. Ursuline Convent.

Die St. Ursula Order van Londen het in 1903 die „Dollar's Farm", tien akkers groot, in Distriksdorp van mnr. Dollar gekoop om 'n kloosterskool op te rig.

Op die terrein, wat baie mooi geleë is, was 'n woning en ander geboue wat bedoel was vir 'n meule, 'n boord met sewehonderd vrugtebome, 'n tennisbaan, swembad en twee windmeulens[1].

'n Geregistreerde privaatskool is op die eiendom geopen op 9 Februarie 1904 met 25 inwonende en 12 dagskoliere. Die leerlinge was nog almal in primêre klasse. In hooftrekke is die leerplanne van die Transvaalse Onderwysdepartement gevolg. Besondere aandag is gegee aan karaktervorming, musiek en naaldwerk. Hollands is as tweede taal onderrig, totdat dit op aanbeveling van die Onderwysdepartement vervang is deur Afrikaans. Om hulle te bekwaam in die tweede taal het die nonne Taalbondeksamens afgelê.

Die leerlinge is in die beginjare ingeskryf vir die publieke eksamens van die „English College of Preceptors". Vanaf 1913 het die skool kandidate ingeskryf vir die

---

1. The Krugersdorp Standard, 12.12.'03.

Junior en Matrikulasie-eksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. Standerd 6-leerlinge het vanaf 1915 die leerplanne van die Transvaalse Onderwysdepartement gevolg en die Laerskoolsertifikaateksamen afgelê.

Vroeg in die twintiger jare is 'n begin met die onderrig in handelsvakke gemaak. Sedertdien is handelsopleiding ernstig aangepak tot groot voordeel van baie van die leerlinge.

Die inskrywing van die skool het so toegeneem dat die oorspronklike geboue, saal, klaskamers en musiekkamers wat aangebou is, nie voldoende was nie en besluit is om 'n nuwe gebou op te rig. Op 1 April 1928 het biskop D. O'Leary die hoeksteen van die bestaande ruim hoofgebou gelê. In 1929 is die nuwe gebou voltooi en die oues gesloop. Later is 'n tweede en derde blok geboue bygebou om in die behoeftes van die groeiende skool te voorsien[1].

---

1. Meegedeel deur die hoof van die Ursuline Convent, moeder M. Ambrose O.S.U.